

Wortelvorm



440 g fyn pynappel(blik)
1 pakkie suurlemoenjellie
125 ml suiker
1 ml sout
500 ml fyn gerasperde wortels
125 ml room

Dreineer pynappel en vul sap tot 250 ml met water(ek laat dit in sif oor bak staan)

Verhit die 250 ml en los jellie daarin op

Laat afkoel tot dik – maar nie styf gestol nie.

Klits dik jellie tot romerig. Klits suiker bietjiesgewys by

Voeg sout by

Meng pynappel en wortels en vou by jellie in

Klits room tot styf en vou in

Laat oornag stol in yskas

Keer om op bord en bedien